ABULON HOLDINGS Ltd

Reg Nr 1997/019771/06
(Shackelton Singel 46, Windsor Park, Kraaifontein, 7570) Tel: 021 439 5361 Faks 021 439 5473
Posbus 6207, Roggebaai, 8012 www.abulon.net

23-05-2008

Aandeelhouers Kennisgewing

Hierdie verslag het ten doel om alle aandeelhouers in te lig rakende die vordering van die maatskappy en meer spesifiek die huidige stand van sake ten opsigte van die implikasies van die nuwe permit kondisies wat aan ons gestel is deur Mariene en Kusbestuur (M&CM – die regering se beheerliggaam vir ons industrie). Dit is met betrekking tot die teenwoordigheid van die fungus op ons plaas in Paternoster.

Soos genoem in die Kennisgewing wat aan aandeelhouers gestuur is op 12-11-2007, het ons ‘n fungus op die plaas wat meestal voorkom nadat die diere verdeel is en gevolglik in ‘n spannings toestand verkeer. Die fungus word simptomaties geïdentifiseer deurdat letsels op die diere verskyn. Alhoewel deskundiges baie navorsing gedoen het om die presiese aard van die fungus te isoleer en identifiseer, is daar tans geen besluite geneem wat aan ons of die industrie ‘n duidelik omskrewe lys van remediërende aksies bied wat op ‘n aktiewe plaas geïmplementeer kan word ten einde die fungus uit te roei nie.

Gelukkig voorkom die prosessering wat ons perlemoen ondergaan voordat dit geblik en verkoop word enige potensiële gevaar vir mense of vir verspreiding van die fungus, so, ons mag steeds voortgaan om ons produk te bemark en doen dan ook so en genereer steeds suksesvol ‘n goeie inkomste vir die maatskappy.

Die werklike probleem, nietemin, is dat in die afwesigheid van volledige insig t.o.v die aard van die fungus, implementeer M&CM as voorsorgmaatreël ‘n baie streng stel voorwaardes in dié verband in ons permit. Opsommenderwys word daar verwag dat alle plase wat die teenwoordigheid van die fungus demonstreer, die totale voorraad op die plaas moet verkoop of tot niet maak en dat die hele sisteem op die plaas gedisinfekteer en braak gelê moet word vir ‘n periode van 6 weke. Dit het natuurlik ernstige implikasies vir die korttermyn lewensvatbaarheid van die plaas asook die langtermyn lewensvatbaarheid van die maatskappy.

In Januarie 2008 het ons prokureurs ‘n brief aan die Minister gerig waarin ons die saak beveg het. Sedertdien het ons voortgegaan om met die deskundiges en M&CM in gesprek te tree maar het tot op hede nog geen formele reaksie van die Departement gehad nie.

Direkteure: M.R. Dale (Voorsitter), D.L. Huth, C.A. Neveling (Uitvoerende Hoof)
Maatskappy Sekretaris: J.P. Human

Die uitdaging wat Abulon Holdings se bestuur in die gesig staar is hoe om ons roete vorentoe uit te stip sodat dit in die beste belang van die maatskappy en die aandeelhouers sal wees. Die deskundiges glo nie dat enige finale wetenskaplike bevindings beskikbaar sal wees vir maande of moontlik selfs jare nie. Dit laat almal in ‘n baie moeilike posisie om aan die een kant die beskerming van die industrie en omgewing as ‘n geheel, te balanseer met aan die ander kant die kommersiële implikasies op die geïnfekteerde plase.

Weens die moontlike risiko dat daar van ons verwag kan word om die plaas te ontvolk, voel ons dat dit onwys sal wees om in terme van nuwe perlemoen bevolkings of groot kapitale verbeterings, veel meer te investeer in ons huidige plaas. Desnieteenstaande, sal ons aanhou om vir so lank as moontlik ons huidige voorraad uit te groei ten einde te verseker dat ons die opbrengs op ons huidige belegging kan maksimeer. In die geval van ‘n totale ontvolking sal ons betekenisvolle inkomste vir die maatskappy genereer. Die strategiese besluit sal dan wees hoe om die fondse ten beste aan te wend.

Vir die afgelope 2 jaar het ons gekyk na ‘n lewensvatbare alternatiewe standplaas vir ons plaas, gegewe die feit dat ons huurooreenkoms in 2014 ten einde loop. Die druk wat teweeggebring word deur die nuwe permit kondisies maak hierdie soektog selfs meer kritiek. Wanneer ‘n nuwe ligging geïdentifiseer is sal ons weereens gekonfronteer word met die uitdaging om voldoende kapitaal te verseker ten einde die terrein te ontwikkel. Ons volg huidiglik verskeie opsies op in dié verband.

Die bestuurspan wend homself aan tot die taak van oplossings probeer vind vir die kwessies en ons sal poog om al ons aandeelhouers ingelig te hou soos wat ons voortbeweeg op hierdie uitdagende pad.

Mark Dale
Voorsitter